

# Neem-Dit-Huis-Toe – 4 Jariges

## Riglyne vir huisgodsdiens of gesin-toewyding-tyd

Navorsing toon aan dat die huis die belangrikste plek is waar ons geloof ontwikkel en gevorm word. Jongmense leer gewoonlik meer by die huis as op enige ander plek oor God, hoe om in 'n verhouding met Hom te leef en oor geloof in praktyk. Hoewel jeuggroepe, eredienste en gemeente-aksies 'n belangrike rol speel, begin geloofsvorming by die huis. Die huis en kerk behoort daarom 'n span te wees wat ons jongmense se geloof vorm.

Onlangse navorsing het dit bevestig deur aan te toon dat jongmense wat 'n sterk geloofsidentiteit het en by hulle gemeente betrokke bly nadat hulle belydenis van geloof afgelê het, die volgende in gemeen het:

- Hulle het saam met hulle ouers Bybel gelees.
- Hulle het hulle ouers sien Bybel lees en bid.
- Hulle het saam met hulle ouers eredienste bygewoon.
- Hulle ouers het gereeld hulle geloofstorie of geloofservarings met hulle gedeel.

Ons deel graag met julle 'n paar maniere/geloofsgewoonte/ritmes wat julle by die huis saam met julle kinders kan doen, om sodoende geloofsvorming en groei te verseker. Julle as ouers kan self bepaal wat julle met julle kinders wil doen en hoe gereeld julle dit gaan doen. Maar dat julle dit doen, dit is belangrik!

Tegnologie-aanhangers na God-aanhangers:

Vandag se kinders word groot tydens 'n tegnologiese tsunami. Hulle is digitale afhanklikes (screen-agers). Dalk sou Jesus se “'n mens kan nie van brood alleen lewe nie” in vandag se tyd met die volgende vergelyk kan word: “'n Mens kan nie sonder 'n Wi-Fi sein oor die weg kom nie”. Ons het almal nodig om by God in te skakel om bekragtig te word en om seker te maak ons ontvang 'n “God-sein”. Soos wat selfone en tablette in geprop moet word om te werk, so ook is dit met ons. Ons het elkeen ook nodig om by God in te skakel, en die uitdaging is om die kinders in ons lewe te leer om God-aanhangers te word.

Ons leef in 'n tyd waar gesinne verdeel word in besige skedules. Ons het soms min tyd as gesin saam met mekaar, wat nog van saam tyd spandeer rondom God se Woord. As Christen gesinne moet ons wortels diep gegrawe wees in Jesus Christus. Die kerk en jeuggroepe is baie belangrik, maar meer belangrik, geloofsvorming en die uitleef van ons geloof begin by die huis. Jesus moet die middelpunt wees van ons gesinslewe.

Daar is nie 'n geheime formule om Christelike huis te bou nie. Hoewel Christen gesinne het deur die eeue groot waarde, vreugde, krag, toerusting en leiding ontvang, deur daaglik saam die Bybel te lees en te bid as gesin.

As Christen, weet jy as ouer dat die belangrikste ding wat jy vir jou kinders kan leer, is om God te ken en in 'n lewende verhouding met God te wees. En ja, ons is besig en daar is honderde dinge wat ons tyd en aandag verg, maar dit hoef nie so te wees nie. As ouers het ons die voorreg en verantwoordelikheid om ons kinders se geloof te vorm (dit was mos deel van ons Doopbelofte).

Daarom begin ons al op 'n jong ouderdom om saam met ons kinders gereeld die Bybel te lees en om saam te bid. Soms sal jou kind nie verstaan nie, maar hoe meer julle as gesin saam tyd spandeer in God se Woord en gebed, hoe vinniger sal jou kind begin verstaan en al hoe meer vrae begin vra en nuuskierig wees. En wanneer jy jou oë uitvee dan lees jou kind al self die Bybel. Soos wat jou kind ouer word, sal hulle in staat wees om herinneringe of gedagtes te herroep waar julle as gesin saam tyd met God spandeer het.

Hoe leer ons om ons by God te laai en in te skakel by die Skepper van die heelal?

Deur verskeie geloofsgewoontes of ritmes aan te leer. Ons moet beseft God is altyd beskikbaar en wil graag met ons 'n verhouding hê. Wat gee tans vir jou krag? Hoe skakel jy op 'n daaglikse basis in by God? Dis waar geestelike dissiplines inkom. Sonder dissipline kan ons nie die kuns van die lewe aanleer nie. Onthou dissiplines is nie daar om jou kind se moed te breek nie, maar vir opvoeding (lees Ef 6:4).

Dissipline binne die ritmes van 'n Jesus-lewe, skep ruimte vir kinders van God om te leer hoe om na die stem van die Vader te luister. Dit sluit kinders en ouers in. Daar bestaan nie iets soos 'n Christen sonder dissipline nie (lees Heb 12:5-7). So geestelike dissiplines is 'n manier waarop ons ruimte skep vir God in ons gesin se lewe om te luister. As ouers leer ons die kinders in ons lewe deur te modelleer hoe om by God in te skakel.

Graag wil ons vir julle leer van verskeie “kragproppe” of te wel geestelike dissiplines/ritmes wat julle hiermee kan help.

Elkeen van ons skakel op verskillende maniere by God in en die belangrike beginsel is om die kinders in ons lewe die gereedskap te gee om op hulle unieke manier by God in te skakel. So word God hulle rots.

Twee klassieke maniere om by God in te skakel is deur jou Bybel te lees en te bid. Hierdie maniere is die grondslag van die kragprop-ritme. Ons wil graag vir julle drie dissiplines leer wat julle as gesin gaan help met julle kragprop-ritmes. Innerlike, uiterlike en gesamentlike dissiplines.

As ouers is die eerste vraag wat ons moet vra voordat ons die kragprop-ritme kan uitleef: Hoe is ons eie lewe tans met hierdie dissipline geïntegreer? Die uitnodiging is om 'n lewe van

positiewe krag vir die kinders in ons lewe te modelleer. Paulus gebruik die beeld van kinders wat hulle ouers navolg in Ef. 5:1: “Omdat julle God se kinders is wat Hy liefhet, moet julle sy voorbeeld volg”. Die woord “volg” is die Griekse woord *mimetai*. Die Engelse woord wat hiervan afgelei word, is “*mimesis*”. In Afrikaans beteken dit “nabootsing” of “volg”. Daarom is julle as ouers se voorbeeld van Jesus navolg belangrik. Ons kan nie ons kinders volgelingskap wil leer as ons as ouers dit self nie doen en leef nie. So kom ons begin met innerlike dissiplines.

Graag wil ons vir julle so paar riglyne gee, van hoe om te begin, wat om te doen, hoe om dit te doen en dies meer.

### **Hoe om te begin:**

Die eerste stap is om gereeld tyd af te staan vir huisgodsdienst of gesin-toewyding-tyd (of wat ook al julle dit gaan noem). Baie gesinne maak tyd na ontbyt of aandete – dis gewoonlik die enigste tyd wat gesinne saam het, so dit kan goed gebruik word. Vir ander gesinne is dit makliker om dit net voor slapenstyd te doen. Watter tyd julle ook al kies, maak nie saak nie, maar dat julle dit wel saam doen as gesin op 'n gereelde basis is belangrik.

### **Wat kan die toewydingstyd behels:**

Daar kan baie aktiwiteite wees, wat julle kan doen, maar daar moet ten minste die drie volgende elemente wees:

1. Bybel lees.
  2. Gesels oor wat julle gelees het.
  3. Gebed. Bid saam met mekaar.
- 
1. **Bybel lees** – Die Bybel is wonderlike boek, dis vol van ware verhale van God se mense met maklike raad wat ons kan navolg, dis vol geestelike insig en dit vertel vir ons die goeie nuus van Jesus en sy verlossing. Die Bybel is die primêre manier hoe God met ons praat en daarom is dit belangrik om gereeld saam Bybel te lees. Julle kan Bybel lees planne volg. Of begin met 'n spesifieke boek van die Bybel en werk dit deur. Of julle kan Bybelstudie boekies gebruik.
  2. **Gesels oor wat julle gelees het** – om saam te praat oor God se Woord is 'n integrale deel van Bybel lees. Probeer om die gesprek op die punt te hou, deur vrae te vra soos: Wat het jy geleer uit vandag se teks? Hoe pas dit in ons lewe? Of hoe kan ons dit van toepassing maak in ons gesin? Probeer dat almal deel neem aan die gesprek. Wees sensitief vir jou gesin se spesiale behoeftes. Partykeer kan jou kind dalk iets heeltemal anders sê as wat jy verwag – en dis dalk 'n manier hoe jou kind vir jou iets wil sê wat hulle pla ens.
  3. **Gebed** – bid saam met mekaar. Gee vir elkeen geleentheid om te bid vir dit wat die Here op hulle harte druk.

Hier is nog so paar wenke om huisgodsdienst 'n werklike realiteit te maak in jou gesin:

- **Hou hierdie toewydingsgeleentheid kort.** Partykeer het ons nie 30 minute vir dit nie. En ander kere kan ons kleuters nie stil sit vir eers 3 minute nie. Ons word dan maklik ontmoedig en dan hou ons sommer geheel en al op met huisgodsdien. Hierdie tyd hoef nie super lank te wees nie. Balanseer hierdie tyd met jou kind se vermoë om aandagtig te luister (attention span). As dit beteken dat julle net 'n paar versies kan lees op 'n slag dan is dit ook goed. Lees 'n paar versies, praat gou daar oor, bid saam jou kind en dis klaar. Moet nie kort 5-10 minute geleentheid onderskat nie. Bv. As julle as gesin vier keer 'n week vir 10 minute lank huisgodsdien hou – dan het julle as gesin 34 ure as gesin spandeer aan huisgodsdien en die geloofsvorming van julle kinders. As julle dit konstant doen vir 15 jaar dan het julle 520 ure spandeer om saam die Bybel te lees en te bid. Dan praat ons mos van 'n geloofsgrondslag wat gelê is.
- **Kry die hele gesin betrokke.** Om God se Woord saam ons kinders te lees is wonderlik, maar om met jou kinders daar oor te gesels is net so great. So laat hulle deel neem aan die gesprek. En as 'n oupa of ouma of ander familielid by julle bly, nooi hulle om ook deel te word van julle huisgodsdien.
- **Hou julle huisgodsdien relevant.** Maak nie saak hoe oud ons is, ons kultuur, ras, taal en die tyd waarin ons leef nie, die Bybel is vir ons geskryf. Wys vir jou kinders hoe die Bybel relevant is vir ons lewens.
- **Maak julle huisgodsdien prettig!** Jesus Christus was enige iets behalwe in vervelige prediker. Hy het stories gebruik om sy gehoor deel te maak van sy leringe. Soek maniere hoe jy dit vir jou kinders kan lekker maak, om te wil deel neem aan huisgodsdien. (Vir kleuters is die “Bible for Kids” App baie oulik want dis in Afrikaans; veg met die swaard ens. speletjies, ek verduidelik dit in ons sessie).
- **Julle kan gereelde huisgodsdien hou!** Maak nie saak hoe besig ons lewens raak ni nie en hoe party kan vasskop teen dit nie, met God se hulp en leiding kan julle gesin dit doen.

### Innerlike Dissiplines:

1. **Meditasie:** Ps 1:2 – “Hy vind vreugde in die geboorte van die Here en oordink sy voorskrifte dag en nag”. Die Hebreeuse ekwivalent van die woord “oordink” verwys na die Joodse gebruik om die Tien Geboorte en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê. Die uitnodiging verbode aan hierdie dissipline behels dus om ons gedagtes leeg te maak van die “raad van goddelose mense” en dit met God se woorde te vul. As gesin kan julle saam 'n teksvers gebruik om daarvoor te mediteer/na te dink.
2. **Gebed:** Dis die dissipline waar ons leer om met God te praat en ook te luister na God se stem. As ouers leer ons ons kinders om in 'n verhouding met God te wees en om met Hom te praat. Hierdie geselstyd saam met God kan op enige plek gebeur. Een van die belangrikste riglyne wat ons vir ons kinders kan leer, is dat hulle op enige plek en tyd

kan bid en om dit te doen op 'n manier wat weerspieël hoe hulle met ander mense ook praat (lees Matt 6:5-8).

3. **Vas:** Is die dissipline waar ons “nee” sê vir iets sodat ons “ja” vir iets ander kan sê. Ons gesinne word heeltemal oorlaai met verskillende stimuli – of dit nou tv, die internet of te veel kos is. Daarom is dit belangrik om ons kinders te leer hoe om die kuns van ruimte in hulle lewe skep, te bewaar sodat julle nie vir alles “ja” sê nie. Miskien kan julle as gesin 'n 24uur media-vas ondergaan. Dit beteken om “nee” te sê vir die internet, tv, tydskrifte, sosiale media, tv-speletjies en radio. Julle kan die tyd gebruik om “ja” te sê vir iets anders, soos om saam te gaan stap of fiets te ry, of om Bybel te lees. As gesinne kan ons oor verskillende dinge vas. Onthou net dat die “nee” wat ons vir iets sê, nie noodwendig beteken dit is sleg nie, en ook dat die ruimte wat deur die “nee” geskep word, opgevolg moet word met 'n “ja” vir iets heilsaams.
4. **Bybelstudie:** Dis waar ons saam die Bybel bestudeer, om die wêreld waarin dit geskryf is beter te verstaan, sodat ons dit akkuraat in ons leefwêreld kan toepas. Daar is baie hulpbronne wat julle as gesin hiermee kan help. *Ontsluit die Bybel* van Stephan Joubert is een so 'n goeie hulpbron. Of skakel julle dominees, ons help graag.

#### **Uiterlike Dissiplines:**

1. **Eenvoud:** Is die dissipline waarmee ons die samelewing se dans van “te veel en te baie” teenstaan. Ons dagboeke is oorvol van dinge en huise raak propvol goeters. As volgelinge van Jesus leer ons om keuses te maak wat ons lewe vereenvoudig. As gesin is dit belangrik dat ons dinge ophou doen wat ons voel ons “moet” doen en wat nie ons gesin se waardes reflekteer nie. Wat is jou gesin se definisie van 'n goeie lewe en hoe bestee ons ons tyd om dit te bereik?
2. **Afsondering:** Hierdie is die dissipline wat ons beoefen wanneer ons tyd gebruik om alleen te wees. Dit verhoed mense om ons te beïnvloed en dat ons ook nie ander mense beïnvloed nie. Afsondering gaan gewoonlik gepaard met stilte en help ons om weer na die stem van die Here te luister. Om heilig te wees beteken om jouself af te sonder van dit wat verkeerd of sleg is vir jou. Sonder afsondering volg ons bloot die deuntjie van die samelewing. Richard Foster skryf: *“Solitude doesn’t help us recharge our batteries for the rat race; it teaches us to ignore the rat race”*. Wanneer ons afsondering beoefen, maak ons die ander stemme in ons lewe stil sodat ons soos Elia kan luister na 'n “sagte gesuis” (1 Kon 19:12). As gesin kan julle afsondering beoefen deur tyd te skep waarin julle geraas afsit en saam stilte waardeer.
3. **Onderdanigheid:** Is die dissipline wat ons leer om gewillig iemand anders toe te laat om leiding in ons lewe te gee. Valerie Hess verduidelik iets van om onderdanigheid in jou lewe te oefen: *“We do this as training for our submission to God. It helps to remind us that we are not in charge – God is”*. Ouers moet leiding aan hulle kinders gee, maar ook van tyd tot tyd die geleentheid skep waar kinders vir ouers kan leiding gee. Paulus sê

ook vir ons in Ef 5:19-21, dat omdat ons respek het vir Jesus, moet ons aan mekaar onderdanig wees.

4. **Diensbaarheid:** Die dissipline help ons om te verstaan dat die wêreld groter is as net ons gesin se leefwêreld. Dit help ons om die vreugde te ontdek van om ander te dien (lees Mark. 10:45). Wanneer ons leer dien, leef ons direk uit God se hart uit. As gesin word ons ook uit genooi om ander saam te dien. Dalk kan julle gesin betrokke raak by ons kerk se uitreik-aksies. Of julle gesin kan dalk julle eie diensbaarheid projek begin. Onthou die beste manier om te dien, is om dit te doen sonder om gesien te wil word (lees Matt. 6:1-4).

### Gesamentlike Dissiplines:

1. **Belydenis:** Is die dissipline wat ons aanleer wanneer ons jammer kan sê en genees kan word van ons sondes en daardeur genade kan uitleef. Jakobus 5:16 sê: *“Julle moet julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige uitwerking”*. Wanneer mense naby aan mekaar leef in 'n gesin, is daar baie geleenthede om mekaar seer te maak en word belydenis 'n dissipline wat ons kan help om die twee waarhede van die evangelie prakties te beleef. Hierdie waarhede is die woorde “ek is jammer” en “jy is vergewe”. Kinders en ouers kan saam leer wat dit beteken om in die gimnasium van God se genade te oefen (lees 1 Joh 1:8-9).
2. **Aanbidding:** Is die dissipline wat ons leer om vir God “wow” te kan sê en nie te vergeet dat God die outeur van ons lewe is nie. Ons kan dit Sondae in die kerk doen saam met ander gelowiges, maar ons kan ook daaglik die Here loof en die eer gee wat Hom toekom. Daarom moet ons as gesin tyd maak om vir die Here dankie te sê. Miskien kan julle gesin as oefening, tien dinge neerskryf vir waarvoor julle vir God dankie wil sê. Aanbidding sluit ook musiek in.
3. **Onderskeiding:** Dit is die dissipline waar ons saam met mekaar (vriende en familie) na God se stem luister en vir wysheid vra. Een van ons grootste uitdagings in ons samelewing is individualisme. Baie gesinne “verdrink” sosiaal omdat hulle geïsoleerd lewe. Ons het almal vriende nodig wat saam met ons die Here kan dien. Dissipelskap behels nie 'n solo-lewe nie. Met onderskeiding beoefen ons die dissipline om nie besluite in isolasie te neem nie, maar om vriende toe te laat om ook saam met ons te bid en besluite te bespreek. Dit geld natuurlik ook vir ouers met hulle kinders. Ons kan hulle uitnooi om saam met ons te bid oor die besluite wat ons as gesin moet neem. Op hierdie manier leer ons hulle ook om in afhanklikheid van God die lewenspad aan te durf.
4. **Feesviering:** Hierdie dissipline help ons om God se liefdevolle geskenke te aanvaar en te geniet. As God ons wil seën moet ons nie in sy pad staan nie. Daarom is dit belangrik dat ons as gesin gereeld tot stilstand kom om behoorlik fees te vier oor God se seëninge.

Volgens die Joodse tradisie hou gesinne elke Vrydag Sabbat en eet almal saam – dan praat hulle oor die storie van God en spreek seën oor mekaar uit. Dis dalk nie 'n slegte idee om in gedagte te hou en van tyd tot tyd iets soortgelyks te doen nie.

***So paar wenke vir hierdie dissiplines:***

- Begin met klein stappies, stadig maar seker.
- Doen dit op 'n manier en styl wat vir julle pas en julle woema gee.
- Begin met dit wat julle (alreeds) kan doen.
- Onthou dat die doel van die dissiplines altyd is om te groei in ons liefde vir God en mense; dit gee ons die krag om in liefde te lewe en te groei.

***Vir die huis, probeer die volgende...***

God is die Skepper van die wêreld. God is ons Versorger en Vriend, die Almagtige, Alomteenwoordige God wat ons in genade kies en onvoorwaardelik liefhet. God kom wys vir ons deur Jesus hoe God se koningskap op aarde lyk. God is steeds betrokke in mense se lewens en in God se skepping deur die werking van die Heilige Gees. Ons lewensdoel is om God te aanbid en eer te gee deur alles wat ons is, dink, doen en sê. Aanbidding beteken om God al die eer te gee deur hoe ons daaglikse lewe en in die manier waarop ons God se koninkryk uitleef en vestig. God roep ons om die wêreld te help genees, en God se vrede en geregtigheid op aarde te bring. Soli Deo Gloria!

**Lees Lukas 7:36-50**



**Kyk:**

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

**Dink:**

- Kan jy jouself vereenselwig met die sondig vrou, Jesus of Simon in die verhaal? Hoekom?
- Hoe verras Jesus jou in hierdie verhaal?
- Wat is die hart van aanbidding volgens hierdie gedeelte?
- In watter aspek van jou lewe is dit vir jou 'n uitdaging om tot God se eer te leef?
- Wat sê hierdie gedeelte vir jou oor jou eie oorgawe?

**Doen:**

- Probeer doelbewus hierdie week na meer aanbiddingsmusiek luister of self te sing wanneer jy alleen is.

**Bid:**

- Lees Filippense 4:18. Stap in die tuin en let op die reuke van die plante en omgewing. Vra vir Jesus om jou lewe 'n "aangename geur" vir Hom te maak.

**Tiener-fokus:**

- Plak op jou kamerdeur, jou spieël en deodorant 'n plakker wat sê "God se eer" sodat jy onthou dat jou optrede en voorbeeld soos 'n aangename geur moet wees.

**Familie-fokus:**

- Maak 'n weekrooster van almal in die familie se aktiwiteite. Gesels saam oor hoe 'n mens tot God se eer in elkeen van hierdie dinge kan leef.